SOMERFEES

Die Susters se verkoping vind Saterdag 2 NOVEMBER 2024 plaas. Ons begin om 08:30 tot 12:00.

." Die Somerfees op 2 November is om die draai. Mooi tuisgemaakte geskenkies of ander naaldwerk items is baie welkom asseblief. Daar is ook altyd 'n aanvraag vir lekker tuisgebak. Items kan Saterdagoggend by Gebak- en Naaldwerktafel afgelewer word. Baie dankie. Elsa Reinecke

VAN DIE SUSTERS

Die bestuur van die Susters het die afgelope week vergader en die volgende sake het aan die orde gekom.

Die voorbereidings vir die SOMERFEES op 2 November is goed opdreef. Daar is nog enkele bydrae-lyste uitstaande. Die betrokke wyksusters word gevra om nou die lyste by 'n bestuurslid in te gee.

Daar is hierdie jaar kaartfasiliteite beskikbaar om te betaal vir u aankope. Aankope kan egter ook met kontant betaal word.

Daar word 'n groot, veelkleurige banier gemaak met alle besonderhede van ons verkoping daar op gedruk. Dit gaan by ons parkeerterrein opgehang word sodat gemeentelede en ook verbygangers dit kan raaksien en so geïnspireer word om ons verkoping te ondersteun.

Lidmate word aangemoedig om vriende en familie saam te nooi na ons verkoping. Daar is soos elke jaar ook weer koek en tee/koffie/koeldrank beskikbaar in ons teetuin.

JAAR-EIND-KUIER

Ten slotte word die gemeente uitgenooi na ons jaar-eind-kuier. Dit vind plaas op **Saterdag 30 November 2024 om 10:30** in ons saal en word deur die bestuur van die Susters aangebied.

Op die program is gesellige saamkuier, 'n ligte musiekprogram en tee/koffie en verversings. Hartlike Sustersgroete Nelly

PANNEKOEK!



Saterdagoggend 2 November 2024 met ons SOMERFEES gaan ons weer heerlike pannekoeke verkoop.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 33 Sondag 20 Oktober 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese:
Ouderlinge: Wyk 3 **Vakant** en Wyk 4 **Gideon Wentink.**
Diakens: Wyk 3 **Rudy van der Spoel** en Wyk 4 **Coetzer Stoop.**
Skinkbeurt: Wyke 3 & 4. Wyksusters Frieda van der Walt en Elsa Reinecke

EREDIENSTE Al twee dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: 1 Samuel 18: 1-5.
Fokusverse: 1 Samuel 18:4.
TEMA: *Liefde vir die Gesalfde van die Here eis totale selfverloëning.*
Sing: Psalm 2:5b & 6a; Psalm 18:1, 16, 20; Psalm 18:12, 14; Psalm 89:8, 9; Psalm 45:1, 2, 10, 16.
Bede met meelewing: Psalm 121:4.

AAND: Woordbediening: Romeine 8. **Fokusverse:** Romeine 8:28-30.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, paragraaf 7b
TEMA: *Die barmhartige Vader se handelinge met sy uitverkore kinders: Hy gee hulle aan Christus; verenig hulle met Christus en bewaar hulle in Christus.*
Sing: Psalm 95:1, 4; Psalm 98:1, 2; Psalm 98:3, 4; Skrifberyming 12-6:1, 2, 3, 4, 5 (90).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir die ***Bybelverspreiding***
VANAAND: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)*** en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Spesiale kollekte volgende week:***Thusofonds***)

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Jeanette Fourie word steeds in die intensiewe sorg van Mooimed behandel. Ons is dankbaar vir beterskap wat daar mag wees en verseker haar, Corrie en hulle dierbares van ons voorbidding.

Wynand Putter ondergaan DV Woensdag ’n operasie. Ons bede is dat dit suksesvol sal verloop en dat hy volkome sal herstel. Sterkte ook aan Gene en sy ander dierbares.

Pieter Glöy ondergaan Woensdag ‘n oogoperasie. Ons verseker hom en Mabel van ons voorbidding vir ’n geseënde prosedure en volkome herstel.

Hendrien Venter ondergaan hierdie week mediese ondersoeke met die oog op ’n moontlike operasie. Ons dra haar en haar dierbares aan die sorg en liefde van ons hemelse Vader op.

Wymie du Plessis is Maandag in Medikliniek opgeneem met hartverwante komplikasies. Sy het Woensdag ’n afspraak met die kardioloog gehad en ons is saam met haar dankbaar vir die postiewe afloop en die gunstige bevindinge van die kardioloog. Mag die behandeling wat u ontvang, ryklik geseënd wees.

Susan Nortjé is Dinsdag in Mooimed Hospitaal opgeneem met nierverwante komplikasies. Na x-strale reeds geneem is, sou sy Donderdag ’n sonar ondergaan en daarná ’n konsultasie met die nefroloog hê. Ons verseker Susan, Koos en hulle geliefdes van ons voorbidding.

DANKBAARHEID

Ons deel in die vreugde van **Marí Stols** vir wie daar twee agterkleinkinders gebore is. Mag ons Here u vreugde groot maak!

Kobus Havenga het Donderdag 'n opvolgafspraak met die spesialis gehad na die operasie wat hy onlangs gehad het. Ons is saam met hom en Marietjie baie dankbaar dat die dokter met sy herstel tevrede is en deel in hulle vreugde daaroor. Kobus moet op 2 Desember weer 'n opvolgbesoek bring.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

’n Skoonsuster van **Alta Pretorius** is Vrydagoggend oorlede. Ons betuig ons innige meegevoel met Alta en die hele familie.

Ons het Sondag (13/10) reeds ons meegevoel met **Klaas en Malie Wyma** betuig ná die dood van ’n swaer van hulle Saterdagaand nadat hy die vorige naweek ’n beroerte-aanval gehad het. Ook in *Op die Kerkwerf* betuig ons vandag ons meegevoel met hulle en bid hulle ryke vertroosting toe. Die begrafnis het Donderdag plaasgevind.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes op reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terugbring.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	21/10	**Theone Roets**. Wyk 4
		Johannes Viljoen. Wyk 3
Di	22/10	**Tjaart du Plessis, (85)**. Wyk 9
		Lola Kruger, (89). Wyk14
Sa	26/10	**Lalie Venter (94),**. Wyk 12

Bede met meelewing: Psalm 121:4.

Die ALMANAK VIR 2025 kan bestel word by Pieter of Malie. Koste is R130 elk.

KARWAGTE: Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte in die houtbussies by die deure.

BEROEP ONTVANG: Ds DH (Hendrik)Verryn van GK Potch-Suid na Groblersdal

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Di	22/10	15:00	Bybelstudie- Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
Wo	23/10	18:00	Bybelstudie – Markus (Studie 2)	**Konsistorie**
Vr	**25/10**	**17:30**	**GEMEENTE-AAND EN HAMBURGERBRAAI**	**KERKTERREIN**
So	27/10	18:00	Gesamentlike Hervormingsdiens	Kerkgebou GK Bult
Sa	**02/11**	**08:30**	**SOMERFEES**	**KERKTERREIN**

KATKISASIE	**Sondag 20 Oktober**	**Sondag 27 Oktober**
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 25 Skrifberym.1 - 4: 3 Sondag 51 Eksodus 20: 14	Les 26 Skrifberym. 1 - 4: 3 r 3-4 Sondag 52a Eksodus 20: 15
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 1 & 2: Wyk 3 Graad 3 & 4: Wyk 4	Graad 5 & 6: Wyk 5 Graad 7: Wyk 6
Hoërskoolkatkisasie	Les 19	Les 20

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG 8 Oktober om 15:00

Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal is welkom. TEMA: *Die leer oor die Heilige Gees.*

– WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE

U word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdag-aande om 18:00 in die konsistorie. Die boekie van prof. Jorrie Jordaan, *"Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament"*, word behandel. Op 23 Oktober sal Studie 2 van die Markusevangelie behandel word.

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 3 en 4 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

JAARBEPLANNING 2025:

Dit is die taak van die Beplanningskommissie om die jaarprogram vir 2025 voor te berei. 'n Verdere opdrag wat die Beplanningskommissie vanaf die kerkraad het, is om die kommissies vir die volgende jaar aan te wys. Van die kant van die Beplanningskommissie, die volgende versoeke:

- Alle funksionarisse word gevra om (al is dit voorlopig) aanduiding te gee van wanneer hulle beplan om DV in 2025 verlof te neem (vakansieverlof).
- Voorsitters van kommissies word gevra om die datums waarop hulle DV in 2025 wil vergader, deur te gee. Ons sal graag ook die volledige beplanning van die susters (vergaderings, byeenkomste ens.) vooraf op die jaarprogram wil plaas.
- Lidmate wat geroepe voel en die gawes het om in die kommissies van die kerkraad te dien, word gevra om hulleself aan te meld vir die dienswerk sodat hulle name oorweeg kan word vir die kommissies.

U is welkom om al hierdie inligting deur te stuur na **Malie** by die kerkkantoor 018 294 4600, wat dit sal aanteken vir die vergadering van die Beplanningskommissie op Donderdag 31 Oktober, wel om 19:00 en nie 18:30 soos op die jaarprogram aangedui nie.

Indien daar 'n lidmaat is wat 'n tuinwoonstel vir 'n ingenieurstudent beskikbaar het om vir 'n tydperk van 6 maande te huur, kontak asseblief vir ds. Jannes.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND

25 OKTOBER 2024

Ons kuier gesellig saam by die saal vanaf **16:30**

Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor

☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 30 per hamburger. Pannekoek R 5 Worsbroodjies R 30



WIT OLIFANTTAFEL

Liewe Broers en Susters
Soos alom bekend vind ons gemeente se jaarlikse SOMERFEES plaas op
Saterdag 2 November.
So, dis nou weer tyd om al die wit olifante in u huis aan te keer. Items kan by die kerksaal afgelewer word by Pieter Bouwsema of op die Vrydag of Saterdag voor die Oktoberfees. Vir Navrae: Flip Mostert

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

SOMERFEES 2 NOVEMBER 2024 – KERRIE EN RYS

Indien daar susters en broers is wat kan kom help om by die stalletjie bakkies kerrie-en-rys te skep kan hul name opgee by **Ineke Bakker** (Sameroeper) vandag nog. 'n Rooster kan dan saamgestel word met tye van diensbeurte soos wat dit die helpers sal pas. - *Ineke*

WITOLIFANTTAFEL: SOMERFEES

2 NOVEMBER 2024



Ek is seker dat daar nog artikels in jou huis is wat rond lê en nie gebruik word nie,
dié artikels kan 'n juweel wees vir ander.
Artikels kan voor 2 November by die koster, Pieter Bouwsema afgegee word of by die kantoor of selfs die dag van die verkoping nog gebring word.
Navrae by Flip Mostert

Indien enige iemand nog **gebak** of **naaldwerk** kan skenk vir die SOMERFEES, kontak asseblief vir Elsa Reinecke.

Die tyd het uiteindelik aangebreek vir die SOMERFEES
Die Susters nooi almal uit om ons te ondersteun.
Dit gaan 'n groot geselligheid wees. Julle kan uitsien na
Pannekoek, Poedings, Gebak, Naaldwerk, Teetuin,
Worsbroodjies, Wit olifanttafel, Kerrie-en - Rys,
Vermaak vir die kinders en nog meer.
Kom kuier saam vanaf 08:30 – 12:00 in die kerksaal.
Lidmate is vry om familie en vriende te nooi om die oggend saam met ons te kom geniet.

SOMERFEES